# SAWA ALBATROS

## Nuusblad

# Kambati

22 – 25 September 2017









Die naweek by Kambati was 'n reuse sukses. Almal het hulle gate uit geniet . Die kamp terein is wonderlik en daar was net so baie om te doen vir  oud en jonk, van roei tot net lekker afkoel in die swembad. Ons het so bietjie slegte weer gehad, maar dit het niemand gekeer om hulself te geniet nie.





Ons het die Saterdag begin waar ons almal bymekaar kom en lekker ontbyt saam gemaak het. Almal het lekker saam gekuier.





Ons het ons eie modele gehad vir die naweek. Altyd reg vir 'n foto.





Christel het ons almal lekker bederf met 'n soet dingetjie vir voorsitters tee.



Die kinders het omtrent hulself geniet .



Benita se lip lekker potjie wat sy en haar span gemaak het.





Gerhard en Sandra Nel het omtrent hul hande vol gehad toe hul arriveer, Ek hoop dit het nie te lank gevat om die karavaan weer reg te pak nie.

Ons was altesaam 18 Albatros lede, 1 Noord Boland lid en ons het 'n total van 2 gaste gehad wat saam gekamp het.




Christel Sadler was ons kampleier vir die naweek.

# Braaidag


**Ons het braaidag begin met boekevat wat gelei was deur André Potgieter. Albatros het die geleenthied gehad om saam braaidag te vier. Die vure was lekker vroeg aangesteek en almal het heel geselig verkeer.**














# Lief en Leed

## Lief

- Georgine & Francois Hugo – Nuwe woonwa
- Wilma Basson – Nuwe voertuig
- Vicky & Belinda Oosthuizen gaan groot ouers word
- Benita Stramrood – Nuwe voertuig
- Pieter & Hester Brand gaan groot ouers word
- Johan Kotze – Nuwe voertuig
- Duane & Esme Coetzee – Nuwe woonwa
- Tracy Sherwood – Nuwe voertuig
- Wian & Anita Hanekom gaan groot ouers word
- Yolanda Smith het 'n nuwe werk gekry
- Leani Coetzee het 'n nuwe werk gekry

**Baie geluk aan almal van julle, Albatros is trots op julle.**

## Leed

- André van der Westhuizen het 'n operasie ondergaan
- Pieter Brand het 'n operasie ondergaan.

**Albatros hoop jul sterk volkome aan en dat die operasies 'n sukses was.**

## Albatros Toekennings

André & Riana Potgieter – 25 Jaar lid





Benita & Alex Stramrood – 290 Streek kampe bygewoon



Pieter & Hester Brand – 100% Bywoning & verdienste

Evert & Yolanda Smith - Ledewerwing

## Welkom aan ons Nuwe Albatros lede




Gerhard & Sandra Nel

Elmar & Corné Jenkins

# Martin Coetzee "Braai Master" Chicken & Bacon Rap around Resep

**Hoender Borsies**

**Gouda Kaas**

**Feta Kaas**

**Knypie sout**

**Knypie Paprika**

**Knypie Mixed Herbs**

**Spek**



**Sny die hoender borsies in die helfde. Vul die hoender borsies met gouda en feta kaas en gooi speserye in. Draai die hoender borsie toe met spek. Bak hom met 'n bietjie olie of botter in die oond vir 'n uur op 180c°C. Bedien dit met lekker gemengde groente met kaas sous en 'n gemengde slaai.**

## Paar idees vir die volgende kamp…



Kry 'n pedicure van die voorsitter.



Daar is altyd tyd om 'n bietjie te leer vir 'n eksamen of om aan 'n taak te werk.

# Kiekies van die naweek











